

# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 104    10 Februarie 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Die NHKA op glybaan

Ons het die volgende brief ontvang: "n Mens moet versigtig wees om te sê dat jy voorsien het dat sekere dinge gaan gebeur. Verder moet jy nie te veroordelend staan teenoor diogene wat nie geluister het of nie die tekens gelees het nie.

Terugskouend kan die steedsHervormers en die Geloofsbond van Hervormde gemeentes asook die leraars wat die moed en oortuiging gehad het om te breek met die NHKA met reg sê ons het die tekens van die tyd gelees en ons besluit was die regte besluit.

Dit inleidend. In 'n gesprek met 'n "behoudende" leraar van die NHKA die afgelope week kom die skokkende waarheid uit dat die NHKA tans onherroeplik op die glybaan van die pinkstersekte plus die akkommodering van alle gelowe is.

Tydens die afgelope AKV is 'n mosie om alle gelowiges toe te laat tot Nagmaal gebruik net-net afgeweер. Ter verduideliking sou dit beteken dat 'n Moslem of Hindoe of



selfs 'n voorvader aanbidder welkom sou wees om saam aan die Nagmaaltafel aan te sit.

Die waarskuwing dat die theologiese fakulteitslede die kerk op sleeptou geneem het is bewaarheid. Dit is nou duidelik vir almal om raak te sien.

Met die taal kwessie by Universiteit van Pretoria het al die fakulteitslede van die NHKA na bewering gestem dat Engels die amptelike taal van die universiteit moet wees. As dit nie as "verraad" gesien word nie; dan moet daar seker 'n ander woord gesoek word.

Die betrokke leraar het bevestig dat met die wegbreuk van die sowat 30 leraars uit die NHKA die wal letterlik gebreek het en is daar nou geen keer meer aan die pad wat die NHKA loop nie.

Die vraag bly egter steeds: Waar is die bykans 100 ander leraars wat destyds teen artikel 54 gestem het? Broer/suster kan jy werklik nog op die kansel staan en sê: " So sê die Here" as jy weet dat die topstruktuur van jou kerk besig is om te dwaal? Gaan jy toesien dat dit wat jy

geroep is om te doen verlore gaan ter wille van ...? Ek vra."

Hierdie vraag is inderdaad aan die regte lezers gerig. Die predikante was teenwoordig by die AKV. Hulle weet wat besluit is, hulle hou die waarheid weg van hulle lidmate en verskans sodoende die leuen verder.

Dit is hulle wat steeds lidmate aanmoedig om offergawes te gee. Offergawes wat ook gebruik word om heffings te betaal, heffings wat gebruik word om die NHKA in stand te hou. (O ja, die heffings word nou mos sinodale offergawes genoem, maar is steeds verpligtend.)

Dit is die NHKA se AKV wat in 2016 besluit het dat die uitleef van homoseksualiteit nie reg of verkeerd is nie, dat lidmate en gemeentes self by wyse van stemming kan besluit oor die betrokkenheid van aktiewe homoseksueles in hulle gemeente. God se Woord geld nie meer nie, die meerderheid-stem bepaal reg en verkeerd. Is lidmate gemaklik met so 'n benadering?

Een regstelling moet gemaak word. Die NHKA beweer dat die GHG predikante en gemeentes "weggebreek" het.

Die geskiedenis sal wys dat ons **weggejaag, uitgewerk en vervolg** is op so 'n venynige manier dat ons nie ander kon as om onsself onafhanklik te verklaar van die leiding wat ons met **haat vervolg** het nie. Ons het hard probeer om die NHKA van binne tot sy sinne te bring, telkens onsuksesvol.

Dit gaan moeilik wees om die kerk van jou jeug, die kerk wat in jou gene is, te verlaat. **Ons weet, ons moes dit doen.**

Dit is van meer belang om aan God getrou te wees. Dit is van meer belang om die Bybel soos die kerk van alle eeue te lees as om die byderwetse dekonstruksies geloofwaardigheid te gee.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### REFORMASIE

Oktober hierdie jaar vier ons die 500ste bestaansjaar van die Protestantisme. Daar sal baie vieringe rondom die gebeurtenis wees en Koersvas nooi gemeenskappe uit om hulle viering se gegewens vroegtydig deur te stuur.

Die Calvinistiese Alliansie het laat weet: U word ook byvoorbaat herinner aan die kongres wat vanjaar op **19 Augustus 2017** plaasvind. Die tyd en plek sal later bekend gemaak word.

### GEMEENTENUUS

As Bondsgemeentes wil ons graag die onderlinge band wat ons met mekaar het koester en versterk. Baie dankie aan die gemeentes wat wel van die geleentheid gebruik maak. U word genooi om gemeentenuus, projekte, beroepe, lief en leed, verandering van kontakbesonderhede ensovoorts aan dr. Johan Otto by e-pos [otto1@absamail.co.za](mailto:otto1@absamail.co.za) of [drotto1.io@gmail.com](mailto:drotto1.io@gmail.com) te stuur sodat dit in ons publikasies bekend gemaak kan word.

### GHG BESTUUR

Tydens die Dagbestuur se vergadering van 20 Januarie 2017 in Pietersburg is verskeie sake bespreek. Die opdrag om die notule van die Grootvlei vergadering te voltooï, is uitgevoer. Die finale notule met bylaes is aan gemeentes gestuur. U kan u skriba vra na **"Handelinge van die Algemene Jaarvergadering van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes."**

Die September GHG vergadering word in Schweizer-Reneke gehou.

### **JEUGKAMP**

Ds. Flip Snyders is besig met die reëlings vir 'n jeugkamp aan die einde van Julie 2017 te Pretoria. Die ou Voortrekker kampterrein op die Molotopad word oorweeg. Dit sal deur ten minste 60 jongmense bygewoon moet word om dit effektief te maak en die kostes sal ongeveer R 600 (tans bereken) per kind beloop vir 'n kamp van 3 dae. Inligting sal nog aan gemeentes deurgestuur word, maar ons vra u samewerking om die kamp suksesvol aan te kan bied. Ds Snyders: 0834467774 of [pjnsnyders@imaginet.co.za](mailto:pjnsnyders@imaginet.co.za)

### **RUSTENBURG DAMESTEE**

Kom geniet saam met ons 'n Dames Oggendtee met gaskunstenaars Henry van Dyk en Estie Pienaar. Kom en geniet haar raakvat sêgoed vir vrou-wees.

Saterdag **13 Mei 2017**, Hervormde Kerk Rustenburg, 9:30 vm vir 10:00 vm, Koste beloop R150.

Indien enige belangstelling kontak Mari 084 208 7445 of Lucia 083 265 3341

### **BYBELVASVRAE**

Jeugwerkers moet asseblief van die volgende kennis neem

Gemeente vasvra: **30 Julie 2017**

Streeksvasvra: **13 Augustus 2017**

Finaal: **27 Augustus 2017**

Bestek:

Laerskool: 1 Timoteus; HK Sondae 31 tot 44  
Hoërskool en Ope afdeling: 1 en 2 Timoteus;  
HK Sondae 31 tot 44

Gemeentes sal nog skrywes in die verband ontvang.

### **KATEGESE BERAAD**

Die beraad rondom die skryf van kategese materiaal sal plaasvind op 22 tot 24 Maart 2017. Dr Otto en ds Strauss sal nog die

finale reëlings bevestig en dit sal aan die predikante deurgegee word.

Kerkrade word **vriendelik dog dringend** versoek om hulle predikante aan te moedig en te ondersteun om die beraad by te woon. Daar gaan ook indringend gesprek gevoer word oor die theologiese opleiding.

Die beraad sal plaasvind op die plaas *Fleur-de-lis* in die Wagensdrift distrik.

### **APOSTOLICUM KOMMENTAAR**

Die kommentaar oor die Geloofsbelijdenis van Nicea en die Apostoliese geloofsbelijdenis wat in die afgelope jaar in Die Skietlood verskyn het, is in boekvorm verwerk.

Die boek word binnekort beskikbaar gestel. Indien u belangstel, moet u vir dr Otto in kennis stel by [otto1@absamail.co.za](mailto:otto1@absamail.co.za).

### **MAKWASBYEENKOMS 2017**

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiermyn DV 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

Predikante en hul gades is ook welkom.

### **OORNAG FASILITEITE**

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

### LEWENSBROOD

Baie dankie vir die positiewe terugvoer wat ontvang is.

### GELOOFSBONDKWILT

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

Hoe vorder u gemeente se lootjieverkope?

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
  - Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorieboeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**Bazaar**

**Saterdag 4 Maart**  
08:00 – 14:00

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

**Theresapark**  
Springbokstraat, Theresapark  
012 542 3568 / 012 542 1321 / 073 099 3699

*Adam Tas*

**25 Maart 2017 om 19:00**  
**Hervormde Kerk, Cullinan**  
**H/v Zonderwater & R515**  
**R130-00 per persoon**  
**Kerrie & Rys R30-00**  
**Besprekings:**  
**060 798 9209**

